

# Quo Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

**NR. 226**

(Geen datum)

## **Welgeluksalig . . . is hy . . . en soos 'n boom**

\* \* \* \* \*

" . . . maar Ek het julle uitverkies en julle aangestel  
om vrug te gaan dra en dat julle vrug kan bly"

(Johannes 15:16)

[Hierdie Quo Vadis is onvolledig aangesien sommige van die artikels bladsye uit 'n vorige weergawe  
in plaas van die korrekte bladsy gehad het. Slegs twee artikels kon daaruit gehaal word.]

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus  
20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk.,  
Posbus 156, Potchefstroom 2520.

# Juig voor die Here!

Was u al ooit onskuldig van iets beskuldig? Vals beskuldig?

Niemand hou daarvan nie.

Dit wek selfs soms bitterheid by mense op en dit laat jou in alle geval vinnig reageer.

Hier in Psalm 100 lees ons: "By die loffer. Juig voor die Here, o ganse aarde!"

Sien u die uitroepteken? Dit is dus 'n bevel dat die ganse aarde voor die Here moet juig.

Nou, wat het dit met valse beskuldigings te maak?

Ek wil vir u sê, dit het baie meer daarmee te make as wat u moontlik ooit sal besef.

Ons lees in Genesis 3:17 "....vervloek is die aarde om jou ontwil"

Die aarde is onskuldig vervloek deurdat die mens gesondig het. Die aarde is dus saam met die skuldige mens vervloek. Maar nou kom die digter van Psalm 100 en beveel dat die aarde moet juig, sommer net so asof niks ooit gebeur het nie.

Dit is asof die digter kontak met die werklikheid verloor het. Hoor net wat sê Paulus in Rom 8:19, 20: "Want die skepping wag met reikhalende verlange op die openbaarmaking van die kinders van God. Want die skepping is aan die nietigheid onderworpe — nie gewillig nie, maar ter wille van hom wat dit ontwerp het."

Die aarde het hom aan die nietigheid onderwerp ter wille van die mens.

En nou kom die mens en gee 'n bevel aan die aarde:

## **JUIG!**

Dit kan tog nie.

Waarom selfs die vrymoedigheid? Die digter staan in die geloof. Die opskrif sê: "By die loffer."

Die loffer het uit enigiets bestaan. Loffer en dankoffer is dieselfde. Bul of koei, ram of ooie mag geoffer word. Dit mag net nie gebreklik wees nie. (Levitikus 3)

Dit is die antwoord vir die bevel om die aarde te laat juig, want die mens gaan juig. Die loffer gee die rede. Daardie dier wat geoffer word aan die Here, uit dank vir al die seëninge — se bloed loop. Die offerbloed wat heenwys na die **OFFERBLOED VAN JESUS CHRISTUS**.

In die geloof sien die digter al die offer van Christus: Ons sondes is vergewe, die mens is verlos, die mens is van die vloek bevry.

Daarom is die aarde van die vloek bevry — om Jesus ontwil.

Waar staan ons twee nou, geagte Leser?

Ook gewas in die bloed van die Here Jesus?

Selfs die aarde smag na die kinders van God.

Die aarde wag op die openbaarmaking van die kinders van God. (Rom. 8:19)

Gee u die aarde rede om te juig? Hier is 'n kind van God!

**GELUK** . . .dit groei in welwees — anders gestel, jy ervaar jou geluk in jou werk en op elke terrein waar jy jou ookal mag bevind.

**SALIG** . . . dit is die vrug van Christus se versoening, naamlik die ewige Saligheid.

Is jy, geagte Leser, welgeluksalig? Gaan na Christus. By Hom alleen is so 'n volkome geluk moontlik.

Sonder Hom? Geen geluk en geen Saligheid!

***Ds Nico Ligthelm***

# Die regverdige oordink die Woord dag en nag

Waaroor dink jy anders as oor wat jy gesien en gehoor en ervaar het? Die dinge waarmee jy jousef besig hou is ook die dinge wat jou gedagtes vul. Die Here Jesus beskryf die waarheid as Hy sê: "Die lamp van jou liggaam is die oog. As jou oog God is, is jou heie liggaam ook verlig. Maar as jou oog sleg is, is jou hele liggaam ook sonder lig." (Lukas 11:34)

Die goeie oog beteken letterlik die oog wat enkelvoudig gerig is. In Psalm 1 word die regverdige beskryf.

Die regverdige het 'n oog wat reg kyk. Hy weet om sy oog op God alleen te rig.

Hy weet ook hoe om sy oog te rig en daardeur die Wet van God te oordink.

## **WET BETEKEN NIE MAAR NET DIE GEBOOIE VAN GOD NIE.**

Wet beteken die Woord van God.

In die Bybel vind die regverdige sy vreugde.

Daarteenoor is die slegte oog 'n dwalende oog. Dit is die oog wat vol begeerte, altyd soek sonder om te vind. Daardie oog bly soekende in slegte geselskap en tussen die spotters. Die mens wat hom blootstel aan sulke slegte en vuil ervarings, bly in die donker.

Hoekom is die regverdige met die Woord besig? Die Bybel wys ons 'n diepe geheim.

## **DIT IS NIE SOSEER ONS WAT MET DIE WOORD BESIG RAAK NIE, MAAR GOD WAT DEUR SY WOORD MET ONS BESIG RAAK.**

So sê die Here Jesus: "Dit is die Gees wat iemand lewend maak; die mens self kan dit nie doen nie. Wat Ek vir julle gesê het kom van die Gees en gee lewe" (Joh. 6:63b)

Die Woord van God wek lewe in 'n dooie, onregverdige, sondaarhart. 'n Mens is nie eers regverdig en raak dan met God se Woord besig nie. Dit gebeur juis andersom. God stuur mense om te preek en deurdat mense hoor en tot geloof kom, word hulle ook in 'n regte verhouding met God gestel. (Romeine 10:14).

Die regverdigmaking of regte verhouding met God kom, deurdat die Woord ons by Jesus Christus uitbring. Net Christus kan ons regverdig maak.

Die Here Jesus self leer ons hoe ons tot Hom kan nader om die lewe te ontvang: "Elkeen wat na die Vader geluister en van Hom geleer het, kom na My toe". (Joh. 6:45b)

Die Vader praat en leer deur Sy Woord. So verwyf die Here Jesus juis die Jode in Joh. 5:39, 40: "Julle ondersoek die Skrif, omdat julle dink dat julle die ewige lewe daarin kry. En dit is juis die Skrif wat oor My getuig. Tog wil julle nie na My toe kom sodat julle die lewe kan kry nie".

## **So bring die Woord ons nie maar net eenmaal by Christus en die lewe nie. DIE WOORD BEGELEI DIE REGVERDIGE OM GOD SE GENADE VOORTDUREND TE ERVAAR.**

"Die Woord is magtig om julle op te bou en julle in die seëninge te laat deel wat Hy aan al die gelowiges as erfdeel belowe het" (Hand 20:32b)

Het jy al by Christus uitgekom? Weet jy hoe? God bewerk hierdie wonder deur Sy Woord.

Daarom sê die profeet: "Soek Hom terwyl Hy nog te vinde is. Roep Hom aan terwyl Hy naby is."

***Ds P A Odendaal***